

# SA's Leading Past Year

## Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



# SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS

Proudly South African



**GAUTENG PROVINCE**  
EDUCATION  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN GRAAD 12

## 2025

### GEOGRAFIE

### (VRAESTEL 2)

**GEOGRAFIE V2**



**C2782A**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE 150**

**18 bladsye**

## X05



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A:

VRAAG 1: LANDELIKE NEDERSETTINGS (60)

VRAAG 2: STEDELIKE NEDERSETTINGS (60)

AFDELING B:

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord al DRIE vrae.
3. ALLE diagramme is in die VRAESTEL ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord is.
5. Begin ELKE vraag bo-aan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Moenie in die kantlyne van die ANTWOORDBOEK skryf nie.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe wanneer jy moet noem, benoem, identifiseer of 'n lys maak.
10. Meeteenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
12. Jy kan 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.

**SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B**

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 2627CA Potchefstroom en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart 2627 CA 22 Potchefstroom word verskaf.
15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, verteenwoordig die gebied wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. Wys ALLE berekeninge waar van toepassing. Punte sal hiervoor toegeken word.
17. Jy moet die topografiese en ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie aan die toesighouer inhandig.





**AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS**
**VRAAG 1: LANDELIKE NEDERSETTING**

- 1.1 Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.8 A.
- 1.1.1 Die presiese stuk grond wat deur 'n nedersetting beset word, staan bekend as ...
- A ligging.
  - B standplaas.
  - C dorp.
  - D landelik.
- 1.1.2 'n Nedersetting ontwikkel op 'n hoërliggende gebied omdat water 'n bedreiging is:
- A Natpunt-nedersetting
  - B Droëpunt-nedersetting
  - C Lineêre nedersetting
  - D Sirkelvormige nedersetting
- 1.1.3 Fisiese faktore wat die keuse van terrein bepaal, is ...
- (i) gelyke grond
  - (ii) hellingsaspek
  - (iii) grondvrugbaarheid
  - (iv) vervoer toegang
- A (i) en (ii)
  - B (ii) en (iii)
  - C (i) en (iii)
  - D (ii) en (iv)
- 1.1.4 Die posisie van 'n nedersetting in verhouding tot sy breër omgewing staan bekend as ...
- A aspek.
  - B ligging.
  - C standplaas.
  - D stad.



1.1.5 Die tipe nedersetting wat hieronder voorgestel word, is 'n ...



[Bron: <http://surl.li/lvrqve>]

- A natpunt nedersetting.
- B verspreide nedersetting.
- C kernvormige nedersetting.
- D klein dorpie nedersetting.

1.1.6 Nedersettingspatroon **A** is ... en 'n voordeel van nedersetting **B** is ...



[Bron: <https://study.com/academy/lesson/rural-settlement-pattern-types.html>]

- (i) kern
- (ii) verspreid
- (iii) hoër winste
- (iv) lae sekuriteitsrisiko's

- A (i) en (ii)
- B (ii) en (iii)
- C (i) en (iii)
- D (iii) en (iv)

- 1.1.7 Die nedersetting wat hieronder voorgestel word, word as 'n landelike nedersetting geklassifiseer as gevolg van die ...




[Bron: <http://surl.li/lvrqve>]

- A grootte.
- B patroon.
- C vorm.
- D funksie.

(7 x 1) (7)


- 1.2 Bestudeer die diagram hieronder gebaseer op vorms en patrone van landelike nedersettings. Kies die korrekte letter (A – D) uit die diagram. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) neer, bv. 1.2.9 D.




[Bron: <https://rb.gy/3yabum>]

- 1.2.1 Groot gelyke grondoppervlak maak meganisasie in hierdie nedersetting moontlik.
- 1.2.2 Hierdie patroon word geassosieer met langafstand reis vir goedere en dienste.
- 1.2.3 Die ligging van hierdie nedersetting word deur die hellingsaspek beïnvloed.
- 1.2.4 Hierdie nedersetting het rondom 'n waterbron ontwikkel.
- 1.2.5 Die vorm van die nedersetting word deur die pad beïnvloed.
- 1.2.6 Kernvormige nedersetting met 'n ronde vorm
- 1.2.7 'n Droëpunt-nedersetting
- 1.2.8 Die nedersetting wat direkte sonlig ontvang

1.3 Verwys na die infografika hieronder wat landelike ontwikkeling toon.




[Bron: [https://www.macrotrends.net/global-metrics/countries/zaf/south-africa/rural-population?utm\\_source=chatgpt.com](https://www.macrotrends.net/global-metrics/countries/zaf/south-africa/rural-population?utm_source=chatgpt.com)]



[Bron: Eksaminator se eie skets op ChatGPT]

- 1.3.1 Definieer die konsep *landelike ontvolking*. (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Verwys na die infografika en dui die neiging in bevolkingsgrootte in landelike gebiede van 2020 – 2023 aan. (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Volgens die infografika, wat kan die rede vir landelike ontvolking wees? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Verduidelik hoekom die jongmens in die infografika hartseer is. (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls hoe landelike ontvolking die ekonomiese ontwikkeling van landelike gebiede negatief sal beïnvloed. (4 x 2) (8)
- 1.4 Verwys na die prent hieronder van grondgebruik in landelike nedersettings en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Eksaminator se eie skets vanaf ChatGPT]

- 1.4.1 Definieer die konsep *grondgebruik*. (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Identifiseer die grondgebruik wat in die prent uitgebeeld word. (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Verduidelik hoe landelike-stedelike migrasie grondgebruik in landelike gebiede negatief sal beïnvloed. (2 x 2) (4)



1.4.4 Verduidelik die belangrikheid van volhoubare grondgebruik in landelike gebiede. (2 x 2) (4)

1.4.5 Stel strategieë voor om die volhoubaarheid van grondgebruik in landelike gebiede te bevorder. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na die artikel oor grondhervorming en beantwoord die vrae wat volg.

### BYNA R2 MILJARD BESTEE AAN MISLUKTE GRONDHERVORMING

Ten spyte daarvan dat die Suid-Afrikaanse regering sedert 1994 432 038 ha grond in die Vrystaat onder verskeie grondhervormingsprogramme verkry het, teen 'n koste van R1 881 miljard vir die belastingbetaler, is hierdie grond nie vir kommersiële voedselproduksie gebruik nie. Dit is volgens dr. Roy Jankielsohn, die DA se kookusleier in die Vrystaat.

"Daarbenewens besit munisipaliteite in die provinsie 203 erwe leë grond wat 245 379 ha beloop, wat beteken dat 'n totaal van 677 417 ha potensieel produktiewe grond dormant lê."

Die Vrystaat was 'n gevallestudie van wat in die res van die land gebeur, het hy gesê. Daar kan met gerustheid aanvaar word dat hierdie tendens van mislukking in al die ander provinsies, behalwe in die Wes-Kaap, voortduur.

Jankielsohn het aan *Farmer's Weekly* gesê dit lyk asof die regering onbewus is van die bedreiging wat dit vir voedselsekerheid in die land inhou.

[Bron: <https://www.farmersweekly.co.za/agri-news/south-africa/nearly-r2-billion-spent-on-failed-land-reform/>]

1.5.1 Definieer die konsep *grondhervorming*. (1 x 2) (2)

1.5.2 Identifiseer, volgens die artikel, 'n uitdaging wat verband hou met grondhervorming. (1 x 2) (2)

1.5.3 Stel moontlike redes voor vir die uitdaging wat in VRAAG 1.5.2 geïdentifiseer is. (2 x 2) (4)

1.5.4 Identifiseer die maatskaplike uitdaging wat deur grondhervorming veroorsaak word, soos in die artikel genoem. (1 x 1) (1)


1.5.5 Stel strategieë voor om die proses van grondhervorming in die land te verbeter. (3 x 2) (6)

[60]



**VRAAG 2: STEDELIKE NEDERSETTINGS**


- 2.1 Kies die woord/term uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.1.8 **Y**.

| <b>KOLOM A</b> |                                                                                                                                                                                             | <b>KOLOM B</b>       |                                                                  |
|----------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------|------------------------------------------------------------------|
| 2.1.1          | Die minimum aantal mense wat nodig is om 'n besigheid te ondersteun.                                                                                                                        | <b>Y</b><br><b>Z</b> | Invloedsfeer<br>Drempelbevolking                                 |
| 2.1.2          | Daar is ... klein stedelike nedersettings en ... groot stedelike nedersettings in die hiërargie.                                                                                            | <b>Y</b><br><b>Z</b> | minder, meer<br>meer, minder                                     |
| 2.1.3          | 'n Deurlopende stedelike gebied.                                                                                                                                                            | <b>Y</b><br><b>Z</b> | Konurbasie<br>Megalopolis                                        |
| 2.1.4          | Die teorie wat verwys na verspreiding, grootte en digtheid van stedelike gebiede.                                                                                                           | <b>Y</b><br><b>Z</b> | Teorie van stedelike hiërargie<br>Sentrale plekteorie            |
| 2.1.5          | Die maksimum afstand wat 'n kliënt bereid is om te reis om iets vanaf 'n sentrale plek te koop.                                                                                             | <b>Y</b><br><b>Z</b> | Reikwydte van goedere<br>Invloedsfeer                            |
| 2.1.6          | Die uitbreiding van stedelike gebiede na omliggende gebiede.                                                                                                                                | <b>Y</b><br><b>Z</b> | Verstedeliking<br>Stadspreiding                                  |
| 2.1.7          | <p>Die volgende skets is 'n voorbeeld van ...</p>  <p>[Bron: Eksaminator se eie skets vanaf ChatGPT]</p> | <b>Y</b><br><b>Z</b> | laer-orde funksies en dienste.<br>hoër-orde funksies en dienste. |

(7 x 1)      (7)

2.2 Verwys na die DIAGRAM en FOTO'S hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.2.9 D.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

2.2.1 Identifiseer die stedelike ontwikkelingsmodel wat deur die bostaande DIAGRAM uitgebeeld word.

- A Konsentriese sone-model
- B Veelvuldige kern-model
- C Sektor-model
- D Amerikaanse Westerse stad

2.2.2 F en E is nie geskik om langs mekaar geplaas te word nie, want ...

- A F kan nie langs die kusgebied vorm nie.
- B E word ver weg van enige besoedeling gevind.
- C daar is geen plek vir E by F nie.
- D daar sal te veel verkeer by E wees.

2.2.3 Voorbeelde van sekondêre sakesentrums is SSK, universiteite en parke en dit gee aanleiding tot ...

- A hoë-inkomste woongebiede.
- B lae-inkomste woongebiede.
- C ligte industriële sones.
- D middelinkomste woongebiede.



2.2.4 Verwys na die DIAGRAM en beantwoord die volgende vraag.  
Die ... is ontwikkel deur ...

- (i) Suid-Afrikaanse stad
- (ii) veelvuldige-kerne model
- (iii) Hoyt
- (iv) Harris and Ullman

- A (i) en (iv)
- B (ii) en (iv)
- C (i) en (iii)
- D (ii) en (iii)

2.2.5 Identifiseer 'n sleutelkenmerk van die Suid-Afrikaanse stad.

- A Streng segregasie van stedelike gebiede gebaseer op ras.
- B Integrasie van stedelike gebiede om sosiale gelykheid te bevorder.
- C Oorheersing van nywerheidsone naby woongebiede.
- D Vinnige uitbreiding van informele gebiede in landelike gebiede.

2.2.6 Watter van die volgende uitdagings word algemeen met die Suid-Afrikaanse stad geassosieer?

- A Oormatige fokus op informele ontwikkeling.
- B Beperkte toegang tot informele behuising.
- C Sosio-ekonomiese ongelykhede en ruimtelike segregasie.
- D Gebrek aan vervoerinfrastruktuur in stedelike gebiede.

2.2.7 Wat was 'n kenmerk van die ruimtelike uitkoms van die Suid-Afrikaanse stad wat voortduur in moderne stedelike beplanning?

- A Digte stedelike kerne met gemengde grondgebruik.
- B Gesentraliseerde stedelike beplanning met die fokus op sosiale gelykhede.
- C Die groei van informele nedersettings oortref stedelike nedersettings.
- D Gefragmenteerde stedelike ruimtes met gesegregeerde informele nedersettings.

2.2.8 Gefragmenteerde stedelike ruimtes met gesegregeerde informele nedersettings word geassosieer met ...

- (i) enkelkern
- (ii) veelvuldige kern
- (iii) sentralisasie
- (iv) segregasie

- A (i) en (iii)
- B (ii) en (iii)
- C (i) en (iv)
- D (ii) en (iv)



2.3 Bestudeer die volgende prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Eksaminator se eie skets vanaf ChatGPT]

- 2.3.1 Definieer die term *gentrifikasie*. (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Gee 'n voorbeeld van gentrifikasie uit die prent. (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Identifiseer uit die prent 'n ekonomiese rede waarom stedelike vernuwing moet plaasvind. (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Onderskei tussen *sentripetale* en *sentrifugale* kragte deur duidelik benoemde sketse te gebruik. (4 x 1) (4)
- 2.3.5 Voorspel wat met 'n middestad kan gebeur as desentralisasie voortduur. (1 x 2) (2)
- 2.3.6 Evalueer die sukses van stedelike vernuwing in Suid-Afrikaanse middestede. (2 x 2) (4)



- 2.4 Bestudeer die gevallestudie oor informele nedersettings hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### JOE SLOVO, KAAPSTAD

Joe Slovo is een van die grootste informele nedersettings in Suid-Afrika. Dit is in die vroeë 1980's in Kaapstad se oudste Afrika-nedersetting, Langa, gestig. Die relatief goeie ligging van vervoer en werkseleenthede het dit een van die vinnigste groeiende informele nedersettings in die stad tussen 1994 and 2004 gemaak. Die gefaseerde herontwikkeling wat sedert 2004 gemaak is 'n voorbeeld van die evolusie van die post-apartheid-behuisingsbeleid en wys hoe dit moontlik is om die nalatenskap van die segregasie van die nie-wit arm bevolking in afgeleë gebiede, lae digtheid, onderbediende en omgewingsbros gebiede te oorkom.

Die projek, wat begin het soos enige ander "top-down" (bo-na-onder) beleid waar gesag afgedwing is, het verander in 'n geleentheid om te leer oor hoe om die ontwikkeling van behuising vir laer inkomste sektore die beste te verseker. Dit demonstreer ook dat verskillende beginsels van behuising (bestaan, veiligheid, veerkragtigheid en selfbestuur) so onderling verwant is dat hulle nie in isolasie van mekaar funksioneer nie.

[Aangepas vanaf <https://rchi.mit.edu/joe-slovo>]

- 2.4.1 Definieer die term *informele nedersetting*. (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Verskaf 'n aanhaling uit die leesstuk wat aandui watter faktor aanleiding gegee het tot die vinnige groei van die Joe Slovo informele nedersetting. (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Verduidelik die belangrikheid van sosiale ontwikkeling in 'n informele nedersetting soos byvoorbeeld Joe Slovo. (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Verduidelik die voordeel van 'n "bottom-up" (onder-na-bo) beleid vir die ontwikkeling van informele nedersettings. (1 x 2) (2)
- 2.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls evalueer die impak van die vinnige uitbreiding van informele nedersettings op die omgewing. (4 x 2) (8)




2.5 Bestudeer die infografika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### EKONOMIESE ONGERECHTIGHEDE IN STEDELIKE GEBIEDE IN SUID-AFRIKA (2015–2020)

Gedurende hierdie tydperk het stedelike gebiede in Suid-Afrika groeiende ekonomiese onregte ervaar. Dit is die gevolg van aanhoudende werkloosheid, armoede en sistemiese ongelijkheid. Ekonomiese ongelikhede was veral problematies in stede soos Johannesburg, Kaapstad en Durban. Hulle het strukturele uitdagings en beperkte ekonomiese geleenthede vir gemarginaliseerde groepe weerspieël.

[Bron: Eksaminator se eie lesing van Chat GPT]

Stedelike Werkloosheidsyfer in Suid-Afrika (2015 – 2020)



[Bron: Eksaminator se eie infografika vanaf ChatGPT]

- 2.5.1 Verduidelik wat met die term *ekonomiese geregtigheid* bedoel word. (1 x 2) (2)
- 2.5.2 Bereken die verskil in die werkloosheidsyfer tussen 2015 en 2020. (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Identifiseer TWEE moontlike redes waarom die werkloosheidsyfer van 2015 tot 2020 gestyg het. (2 x 2) (4)
- 2.5.4 Verskaf 'n aanhaling uit die teks wat op ekonomiese ongeregtighede aandui wat in Durban, Kaapstad en Johannesburg plaasvind. (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Stel DRIE maniere voor waarop ekonomiese ongeregtighede in stedelike gebiede in Suid-Afrika reggestel (opgelos) kan word. (2 x 3) (6)

[60]

**AFDELING B****VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE****AGTERGRONDINLIGTING OOR POTCHEFSTROOM****KOÖRDINATE: 26° 42' 52"S; 27° 5' 49"O**

Potchefstroom is 'n akademiese stad in die Noordwes-provinsie van Suid-Afrika. Dit huisves die Potchefstroomkampus van die Noordwes-universiteit. Potchefstroom is aan die Mooirivier geleë, ongeveer 120 km wes-suidwes van Johannesburg en 45 km oos-noordoos van Klerksdorp.

Die stad het baie min nywerhede en is bekend vir sy skoon lug en 'n lae misdaadsyfer. Dit is 'n belangrike nywerheids-, diens- en landbougroei-punt van die Noordwes-provinsie. Nywerhede in Potchefstroom sluit staal-, voedsel- en chemiese verwerking in. Die hoenderbedryf is van kardinale belang.

[Bronne: <https://en.wikipedia.org/wiki/Potchefstroom> ; <https://www.iinfo.co.za/content/about-potchefstroom>]

Die volgende Engelse terme en hul Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon.

**ENGLISH**

Diggings  
 Purification plant  
 Golf course  
 Sewerage works  
 Aerodrome  
 University

**AFRIKAANS**

Uitgrawings  
 Watersuiweringsaanleg  
 Gholfbaan  
 Rioolwerke  
 Lughawe/Vliegveld  
 Universiteit



## 3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Die kontoerinterval op die topografiese kaart is ... meter.

- A 5
- B 10
- C 15
- D 20

(1 x 1) (1)

3.1.2 Die lengte van die brug in blok **B5** is ... meter.

- A 100
- B 125
- C 150
- D 200

(1 x 1) (1)

3.1.3 (a) Die ware peiling vanaf die hoogtemerk in blok **A2** tot trigonometriese baken 174 by **F** in blok **B1** is ...

(1 x 1) (1)

(b) Die rigting van die hoogtemerk in blok **A2** na die trigonometriese baken 174 by **F** in blok **B1** is ...

(1 x 1) (1)

3.1.4 Bereken die oppervlakte van die swembad by 5 op die ortofotokaart in meter. Die lengte van die swembad is 1,0 cm op die ortofotokaart.

**Oppervlakte:** lengte x breedte

(4 x 1) (4)

3.1.5 Die swembad op die ortofotokaart verskyn (kleiner/groter) as op die topografiese kaart as gevolg van die verskil in skaal.

(1 x 1) (1)

3.1.6 Gee die breedtegraad vir die begraaftplaas by **G** in blok **B1** as die lengtegraadinligting  $27^{\circ}03'40''$  O is.

(1 x 1) (1)

## 3.2 KAARTINTERPRETASIE

3.2.1 Potchefstroom kan geklassifiseer word as 'n ... nedersetting en 'n ... dorp.

- (i) kern
- (ii) verspreide
- (iii) gespesialiseerde
- (iv) handel en vervoer

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (iii) en (iv)

(1 x 1) (1)





Verwys na die topografiese kaart.

- 3.2.2 (a) Identifiseer die landelike grondgebruik in blok A5 by **H**. (1 x 1) (1)
- (b) Verskaf 'n bewys vanaf die topografiese kaart vir die keuse van die ligging van die grondgebruik wat in VRAAG 3.2.2 (a) geïdentifiseer is. (1 x 1) (1)
- 3.2.3 Identifiseer die nedersettingspatroon van "Wag 'n bietjie" by **I** in blok **A4**. (1 x 1) (1)
- 3.2.4 Verduidelik hoe die nabyheid aan die mark 'n voordeel is vir die nedersetting "Wag 'n bietjie" in VRAAG 3.2.3. (1 x 2) (2)

Verwys na die ortofotokaart.

- 3.2.5 (a) Identifiseer die grondgebruiksones by **6** en **7**. (2 x 1) (2)
- (b) Gee 'n rede vir die ligging van grondgebruiksone **6**. (1 x 2) (2)

Verwys na die topografiese kaart.

- 3.2.6 Gee 'n rede vir die bou van die straatpatroon vir Grimbeekpark in blok **E4** by **J**. (1 x 2) (2)

### 3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

- 3.3.1 Definieer die term *geografiese inligtingstelsel*. (1 x 2) (2)

Verwys na die topografiese kaart.

- 3.3.2 (a) Watter GIS-komponente is gebruik om die topografiese kaart saam te stel? (1 x 1) (1)
- (b) Noem die GIS-bron wat gebruik is om die topografiese kaart te skep. (1 x 1) (1)
- (c) Identifiseer die tipe GIS-data wat op die topografiese kaart uitgebeeld word. (1 x 1) (1)

Verwys na die ortofotokaart.

- 3.3.3 (a) Die ortofotokaart is 'n voorbeeld van (ruimtelike data/ afstandswaarneming). (1 x 1) (1)
- (b) Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.3.3 (a). (1 x 2) (2)

**TOTAAL AFDELING B: 30**